

14 Januarie

Skrifgedeelte: Sefanja 1 (OAV)
Fokusgedeelte: Sefanja 1:7-14

Deur die offer aan God toegewy

Almal weet dat hierdie hemel en aarde verby sal gaan. "Saamskraap, wegraap sal Ek alles van die aardbodem af weg, spreek die Here" (vers 2). Nie almal glo dit egter nie. "Ons gaan hierdie wêreld nog 'n baie beter plek vir die ganse mensdom maak." Só praat die kerk die wêreld se politici en leiers dikwels klakkeloos na. Ter wille van geloofwaardigheid word die liefde en (veral) die voorbeeld van Christus as bestanddeel by die napratery gevoeg.

Ten spyte van al die gepraat van 'n beter wêreld vir die mensdom neem oorlog, geweld en die gevolglike ellende al meer toe.

Die meeste kerklidmate sit tevrede terug, want al die gebeure raak ons nie. Ons is immers bestem vir die ewige lewe! Intussen tref soveel onheile ons aan huis. En daarvoor het ons die mond vol: Hoe kan God dit met sy kinders doen? Ons redeneer en hou beraad onder mekaar. Ons soek verklarings en oplossings.

Die Here beveel stilte (vers 7). Israel word op die altaar geplaas. Hulle is egter 'n onwaardige offer. Ten spyte van Josia se reformasie bly daar in die hart van die volk:

- oorblyfsels van Baäl (vers 4)
- aanbidding van Milkom (vers 5)
- oneerlikheid teenoor mekaar (vers 11).

Hulle ingesteldheid is: "Die Here doen geen goed en Hy doen geen kwaad nie" (vers 12). Daarvan sal die Here op sy dag sy volk met lampe deursoek. Al hulle sonde sal aan die kaak gestel word.

Vir ons het die dag van die Here aangebreek. Die Here het die offer voorberei. Die offer van sy seun Jesus Christus. Almal word deur die evangelie na die offer genooi. Deur Christus se offer word die sonde uitgedelg. Daardeur maak die Here ons lewens tot 'n aanneemlike offer vir Hom.

Daarom is ons nie meer self koning nie, werk ons nie in eie krag nie, maar kom ons diens aan God na vore. Nou leef ons afhanklik van Hom, beheers deur Hom, getrou aan Hom en betroubaar teenoor mekaar.

Sing: Psalm 50:1,7

Ds CA Jansen (Welkom-Noord)